Informa

Augustus 2004 - 4 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# UFS first to align service conditions

"The UFS reached a huge milestone by being the first and only university in the country to implement the total alignment process," said Mr Lourens Geyer, Director: Human Resources.

UFS management is in the final stages of the process to align the conditions of service of the Qwaqwa personnel with that of the main campus. The aim is to manage the Qwaqwa campus towards financial viability and sustainability, Mr Geyer said. "After the incorporation of the Qwaqwa campus with the UFS in January 2003, not one condition of service, practice or benefit of Bloemfontein campus and Qwaqwa campus was aligned. Everything had to be negotiated."

Mr Geyer said after negotiations of more than eighteen months with NEHAWU and UVPERSU, they managed to give each and every one of the 112 staff members on the Qwaqwa campus a choice between two options to align their service conditions. The team, consisting of Mr Geyer, Ms Hester du Plessis, Manager: Labour Relations, and Mr Jan Berry, legal advisor, met staff to explain the process to them.

Option 1 included a once-off payment of R12 000 for the immediate and total alignment of conditions of service from 1 August 2004. That means that allowances, policies, procedures and work practices of the Qwaqwa personnel would be aligned with the UFS conditions of service.

In Option 2 allowances would be phased in and out in three phases. Phase 1 started on 1 August 2004, Phase 2 will commence on 1 January 2005 and Phase 3 on 1 January 2006.

"In the meetings with staff members NEHAWU and UVPERSU assisted us to explain the technicalities of the process to personnel," said Mr Geyer. Only four staff members did not want to select an option. Management implemented option two for these staff members after communicating it to them in writing as well as in discussions during a number of meetings.

The phasing in and out of allowances included the housing allowance, the travelling allowance and subsidy for a medical-aid scheme. Throughout the process management acknowledged the uniqueness of the Qwaqwa campus, Mr Geyer said.

Although all travelling allowances at the Qwaqwa campus will be phased out, a scarcity allowance of R650 will be paid

Service conditions... continue on p2

## Kovsies do it again!







*Congratulations to Johan Cronjé and Chris Dednam who respectively participated in the 1500m and badminton at the Olympic Games in Athens.*

**MOOIRIVIER MAKELAARS bk**

**Spesialiseer in groepsversekering**

**Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens**

Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za



Service conditions... from p1

to senior lecturers, deputy directors and upwards as a travelling allowance. "We expect these staff members to travel from time to time with their own vehicles for work purposes," said Mr Geyer.

With regard to the study-benefit scheme the accommodation costs of the Qwaqwa staff dependants, who study at the main campus in Bloemfontein and stay in one of the UFS residences, will also be paid.

As far as service workers are concerned, management offered those who belong to a medical-aid scheme an additional R3 000 because they will lose this benefit when Option 1 of the total alignment process is being implemented. Mr Geyer clearly stated, "Only those who are forfeiting this benefit are being compensated."

For the first time now all Qwaqwa staff members will also benefit from the monthly housing allowance of R562.

Mr Geyer said, "There are no differences in the service conditions. Letters on the conditions of services will be delivered to staff members in August this year. The alignment process of the Qwaqwa campus is, however, not concluded. The final and total alignment process will be addressed as soon as possible with the aim of concluding it before the end of this year. During the final phase job levels and basic salaries will be aligned with those of the main campus which will conclude the alignment process at the Qwaqwa campus. After completing the total alignment process at the Qwaqwa campus management will start the negotiation process to align service conditions on the Bloemfontein Vista campus.

# Openbare Bestuur praat in Seoel

Vyf lede van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die UV se Departement Openbare Bestuur het die konferensies van die Internasionale Vereniging van Skole en Institute van Administrasie (IASIA) en die Internasionale Institute van Administratiewe Wetenskappe (IIAS) in Seoel, Korea bygewoon. Die tema van die IASIA-konferensies was *Building Leadership for Modernisation and Shared Governance* en dié van die IIAS-konferensie was *E-governance: Challenges and Opportunities for Democracy, Administration and Law.*

Dié internasionale konferensies, het nieteenstaande 'n streng seleksieproses, sewe referate vanuit die Departement Openbare Bestuur aanvaar. Met die konferensie is prof. Hendri Kroukamp verkies tot Afrika-verteenwoordiger op die bestuursraad van IASIA.



*Die personeellede wat die konferensies bygewoon het, is van links dr. Londy Luvuno, prof. Koos Bekker, dr. Moses Sindane, prof. Hendri Kroukamp en mnr. Lyndon du Plessis.*

## Briewe • Letters • Briewe • Letters • Briewe • Letters



### Onvanpaste foto, sê advokaat

**Adv. Ilze Keevy skryf:**
As gereëlde leser van informa wil ek my absolute misnoeë aan u bekend maak rakende die onvanpaste foto van oud pres. C.R. Swart (p.10) in u uitgawe 2004-2. Dit spreek boekdele van u oordeelsvermoë as redakteur. As ANC ondersteuner (28jr), advokaat en doktorale student in die regte aan die UVS, vind ek u foto aanstootlik en onsensitief. Is hierdie die UVS se manier om "nuwe lojaliteite" te bewys? Uiters onsmaakvol, redakteur, om 'n kunstefees op die Bult so te adverteer!
**Redakteur:** *Brief onveranderd gelaat*.

### 'Use a little paint at these places'

**Dr J. Raubenheimer writes:**
I assume that the U-100 article should have read "...Graduandilaan, Dekaanstraat, oor die **suidelike** brug, om die UV-Sasol-biblioteek, tussen Mabaleng en die Winkie Direko-gebou, verby die nuwe Sportsentrum, oor die **noordelike** brug na die sirkel by die Wynand Mouton, ..." If the route goes as planned, the traffic will be directed, not once, but twice over the pedestrian area from Traumerei to the SRC offices! The poor beleaguered students...

It was also nice to see people painting stripes on the roads before the arts festival, but alas, it seems as if all the university is interested is show, and not effectivity. All the stripes on the roads at the university's entrance were painted, but, on a campus already dearly short of parking space, no attention is paid to painting the stripes demarcating the parking. Two instances that immediately come to mind are Senaatstraat-Suid and Kampuslaan-Noord, where the parking bays are so indistinct that people regularly double park, simply because they cannot make out the actual parking bay. I am sure that, with parking already at a premium, we can ill afford to lose those few parking spaces through double parking. A little paint at these places and others like it would, I think, be far better for our campus than a neat entrance. Or are we only interested in "whitewashing"?

### Regstelling

Die artikel **U100 vervoernetwerk in die Julie-uitgawe** van Informa: Die tye wat die Landbouhek en Roosmarynhek oop is, is verkeerdelik aangetoon. Die twee hekke is 07:15 tot 08:15 (weeksdae) oop vir inkomende verkeer.

# UFS invests in human rights

The Centre for Human Rights Studies at the University of the Free State (UFS) completed a project with the aim of enhancing citizenship, democracy and human rights in the school curriculum. The centre is the first to launch a resource guide of this nature in South Africa. The resource guide is titled *A learning guide to implement citizenship, democracy and human rights in education*.

A highlight of this event is that it coincides with the ten years of democracy in South Africa. Prof. Johan Henning, Dean of the Faculty of Law, said the Faculty of Law welcomes this project, which emphasises human rights.

Mr Barry Huysamer, project manager at the centre, said their approach is to provide a suitable “knowledge component” for each assessment standard, as well as possible “activities” for implementation.

This project is undertaken in partnership with the Free State Department of Education.



*From left are Mr Peace Kennedy, project member at the Centre for Human Rights Studies (UFS), Dr Barry Huysamer, Mr Giel de Villiers, Department of Education and Prof. Johan Henning.*

# Expert in multi-religious dialogue visites UFS

"Religion has always been and will always remain part of our heartbeat. It helps us to understand human behaviour and the nitty-gritty of what communities are made of," said Dr Vanessa Sasson, professor in Religious Studies at Marianopolis College and lecturer in Comparative Religion at McGill University in Canada. She visited the UFS after Dr Jaqueline du Toit from the Department of Afro-Asiatic Studies, Sign Language and Language Practice had invited her to address issues related to multi-religious dialogue. Prof. Sasson was also the guest of the Department of Biblical and Religious Studies for a seminar on Buddhism.

"The involvement of the Department of Biblical and Religious Studies and the Department of Afro-Asiatic Studies proves that two departments can work together. Both departments benefited from Dr Sasson's visit. We had a far more diverse audience than we otherwise would have had," said Dr Du Toit.

Dr Sasson discussed the topics Multi-religious dialogue and Comparative Religion. Her involvement with the Elijah Interfaith Academy contributed to her experience of both topics. In December last year she was part of a think tank that ran a conference for sixty religious leaders from around the world.


In her discussions Dr Sasson presented the history, vision and experience of one of the most important multi-religious projects in the world today. The project is based on the premise that all religious traditions can find common ground from which to relate. Dr Sasson discussed the future of multi-religious dialogue. She shared her personal experiences regarding ways of addressing stereotypes and commonly held misconceptions about religions. Students found this presentation very applicable, especially in view of the announcement of the new policy on religion in education in South Africa.

"There are differences between systems here and systems in Canada. In Canada there is a broader range of scholarship than in South Africa. However, the specialisation of the UFS in especially Bible Studies is significant," said Dr Sasson.

# Congratulations Prof. Moja!

Prof. Letticia Moja, Dean of the Faculty of Health Sciences at the UFS, was appointed as winner of the Shoprite Checkers/SABC2 Women of the Year competition in the education category.

Prof. Frederick Fourie, the Rector said, "We are very proud of Prof. Moja with this extraordinary achievement. It is a feather in the cap of the UFS that our leaders are acknowledged on national level. Prof. Moja was appointed as Dean of the Faculty of Health at the end of last year, being the first women to fill this position in any medical faculty in the country. She was nominated by her colleagues for the competition.



*Proff. Letticia Moja and Frederick Fourie.*

# Videofasiliteite sal kommunikasie makliker maak

"Oogkontak is belangrik," sê mev. Alida Dippenaar, wat betrokke is by die ondersoek na 'n videokonferensie-fasiliteit op die kampus. Sy verwys na 'n videofasiliteit wat geïnstaleer sal word by die kantoor van die Rektor, vir gebruik deur die rektoraat en die UBD om onder meer met die Qwaqwa-kampus te kommunikeer.

Die videofasiliteit hou voordele in vir die UV. Personeel van die onderskeie kampusse hoef vir sekere vergaderings nie die ver afstand tussen Bloemfontein en Qwaqwa te ry nie. Die UV sal nie net tyd spaar nie; reis-gevare sal ook verminder. "Nie alle persoonlike kontak is nou verlore nie. Daar sal egter nog steeds vergaderings gehou word met persoonlike kontak tussen lede," sê mev. Dippenaar.

Mnre. Marius van Vuuren en Henry Joubert het die leiding geneem in die tegniese ondersoek en volgens hulle is die produk waarop besluit is, uitstekend om effektief met 'n klein groepie mense te kommunikeer op óf 'n rekenaarskerm óf 'n groot skerm.

Om die proses in werking te stel sal die kommunikasielyn tussen Bloemfontein en die Qwaqwa-kampus opgegradeer word vir videokonferensie-uitsendings.

Rekenaardienste sal verantwoordelik wees vir die tegniese instandhouding en opleiding met betrekking tot die videofasiliteite. Vergaderingsadministrasie sal ook betrokke wees by die proses.

Die UV kan met meer as net die Qwaqwa-kampus kan skakel. Met die videofasiliteit kan gekommunikeer word met eweknieë in die res van die wêreld. Daar is ook sprake om die stelsel uit te brei op kampus. Dieselfde tegnologie sal mettertyd gebruik word vir aanbieding van lesings.

# UV lei studie oor bemagtiging

Die UV het 'n vername rol gespeel in die samestelling van die handves om bemagtiging in die landbou te bewerkstellig. Prof. Frans Swanepoel, Direkteur: Navorsingsontwikkeling aan die UV, het sedert 2002 'n konsortium gelei wat 'n studie oor die AgriBEE-handves gekoördineer het. Hy is bygestaan deur mnr. Aldo Stroebel, Navorser en Lektor by die Direktoraat Navorsingsontwikkeling en die Sentrum vir Volhoubare Landbou, me. Agnes Nyamande-Pitso van Fourseastrading (Edms.) Bpk., prof. Almero de Lange (voorheen van die UV) en prof. Edward Nesamvuni (voorheen van die Universiteit van Venda vir Wetenskap en Tegnologie).

Me. Thoko Didiza, Minister van Landbou en Grondsake, het die konsep-AgriBEE-handves in Oos-Londen bekend gestel.

Die UV is weer genader om openbare kommentaar by die handves te integreer sodat dit vroeg in 2005 gefinaliseer kan word.

# Bourekeningkunde presteer




*Van links is prof. Basie Verster, mnr. Wikus Jacobs en mnr. Frank Berry, programbestuurder van die Departement Bourekeningkunde en Konstruksiebestuur aan die UV.*

Prof. Basie Verster, hoof van die Departement Bourekeningkunde en Konstruksiebestuur aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), het onlangs die eerste Suid-Afrikaner geword wat verkies is tot president van die International Cost Engineering Council (ICEC).

Dit wil voorkom asof studente ook die brander van sukses in die Departement Bourekeningkunde ry. Mnr. Wikus Jacobs (22), 'n pas afgestudeerde student het tydens ICEC se jaarlikse internasionale kongres wat vanjaar in Kaapstad aangebied is 'n goue medalje van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars ontvang. Hierdie uitsonderlike prestasie word op nasionale vlak geëvalueer en die medalje word slegs toegeken wanneer 'n student aan al die vereniging se evalueringskriteria voldoen. Wikus is die twaalfde student sedert die ontstaan van die UV se Departement Bourekeningkunde wat die toekenning ontvang het.

Me. Mahloko Pulane (20), 'n eerstejaarstudent, het die DJ Laing en Donald James-Gedenkbeurs van R10 000 van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars ontvang. Mahloko is die mees uitstaande eerstejaarstudent in Bourekeningkunde in Suid-Afrika.

# As die geboue op die kampus kan praat…

"Geboue op die kampus van die UV vorm 'n raamwerk waarbinne akademiese aktiwiteite vir 'n 100 jaar plaasgevind het. Omdat die kampus so bedrywig is, kos dit inspanning om alles wat hier gebeur, mis te kyk en die geboue waarbinne dit alles plaasvind raak te sien," sê mnr. Kobus du Preez, Lektor by die Departement Argitektuur.

"Wat kan die kampusgeboue vir ons sê?" Op 'n eenvoudige manier, soos in die sestiger- en sewentiger jare, dui bou-aktiwiteite op groei en nuwe behoeftes. Tussen 1964 en 1983 is net minder as 70% van ons huidige kampusgeboue gebou, alhoewel die teenoorgestelde ook soms gebeur het. Tussen 1923 en 1946 is geen nuwe geboue bygevoeg nie, sê mnr. Du Preez.

Die eerste groep geboue wat opgerig is, was koloniale geboue. Die Hoofgebou, opgerig in 1905, en Vishuis, opgerig in 1907, het alleen hier op die Bult gestaan tot 1919 toe Huis President Steyn gebou is. Die Reitzsaal, wat in 1923 gebou is, is ook deel van die koloniale geboue in die tyd van Eklektisisme. Stukke van ander geboue is net so gekopieër in 'n eklektiese samestelling. So kry ons 'n effens gewysigde Kaaps-Hollandse gewel bo-oor Vishuis se klassieke ingang. By die Hoofgebou kry ons Maniëristiese vensteromramings soos wat Michaelangelo in Florence gebruik het saam met erkervensters wat van Grootte Schuur in die Kaap gekopieër is.

Die eienskappe van hierdie groep geboue is maklik herkenbaar. Almal het nog staandakke, hulle is simmetries in uitleg, hulle het versierings en hulle is min of meer deel van die klassieke tradisie.

*Lees in die volgende uitgawe meer omtrent die vroeë moderne geboue op kampus.*



*Die Hoofgebou.*



*Huis Abraham Fischer.*

# ATKV sê dankie vir UV-bydrae

Die UV het 'n spesiale eeufees-ontbyt aangebied met die fokus op 'n keur van kampuskuns. Mnr. Kobus van der Linde van die ATKV het 'n oorkonde aan die Rektor, prof. Frederick Fourie, oorhandig. Die oorkonde word toegeken vir die uitstaande bydrae wat die UV as tersiêre instelling oor 100 jaar gelewer het.

Die ontbyt is aangevul met besprekings oor kampusargitektuur, sang-items, musiek en komiese voordrag deur onderskeidelik mnr. Kobus du Preez, Lektor van die Departement Argitektuur aan die UV, mnr. Thabo Hlongwane, 'n sanger, Music Incorporated, Anneri Wessels en Alta Kriel, albei oud-Kovsies en betrokke by drama.



*Van links is mnr. Jaco Potgieter, ondervoorsitter van die ATKV, mnr. Kobus van der Linde en prof. Frederick Fourie.*

## Kovsie-alumni hou reünie in Londen




*Van links is me. Anli Bosman, me. Mia Aucamp, vorige Londen Alumni-takvoorsitter, en me. Elizabeth Cillie, nuwe Londen Alumni-tak-ondervoorsitter.*

Die Londen-reünie, wat vanjaar by Zulus in Leytonstone gehou is, het die 130 oud-Kovsies wat dit bygewoon het die geleentheid gegee om te hoor van die prestasies, transformasie en vooruitgang van hul alma mater. Met die reünie is Anli Bosman, 'n voormalige werknemer van UV-Bemarking, as die nuwe Londen Alumni-takvoorsitter verkies.

# Ondersoek verwelkom

Mev. Adri Kotzé, Bestuurder van die Regsfakulteit en verantwoordelik vir die koördinering en effektiewe funksionering van alle administratiewe funksies in dié fakulteit, sê dit is wonderlik dat bestuur 'n ondersoek na bottelnekke in steundienste se vermoë om die akademie doeltreffend te ondersteun, ondersoek.

Mev. Kotzé verwelkom bestuur se verbintenis om 'n dienslessenaar by rekenaarinstandhoudingsdienste te skep omdat dit bottelnekke soos lang wagtydperke nadat rekenaarinstandhoudingsversoeke ingedien is, sal ondervang. Sy verwelkom ook die voorstel vir lesinglokaalinspeksies. "Klasse is vuil en toerusting is baie keer gebreek," sê sy.

Sy sê die gedagte van 'n dienslessenaar kan 'n pluspunt wees vir die fakulteit. Dit sal die werkslading verlig as die persoon weet waarheen om navrae te verwys.

"Wanneer probleme rondom rekenaarinstandhouding, PeopleSoft, studente-administrasie en lesinglokale aangepak word, sal ons almal meer doeltreffend kan funksioneer," sê mev. Kotzé. "Dit gaan die lewe vir almal vergemaklik."

## About Social Contract workshops…

The Social Contract workshops for staff are under way. Colleagues have very interesting views:

***What did you learn from this workshop?***
"People have different expectations and frustrations. Perspectives are diverse."
"Progress lies in our own hands."
"Absolutely nothing."
"This process will be infinitely complex to complete."

***Should there be a Social Contract?***
"Yes, it creates hope."
"No, we had this before and nothing was done."

***Some suggestions of guidelines to drive equity:***
"Respect, tolerance, love, understanding, patience."
"Mixture of realism and idealism, soul-searching, positive body language and strive towards continuous improvement."

***Wat moet in die Sosiale Kontrak wees?***
"Equity targets."

***Wat moet nie in die Sosiale Kontrak wees nie?***
"Politieke speletjies."


www.hess.com.tw
HESS
EDUCATIONAL ORGANIZATION

## TEACH ENGLISH IN TAIWAN

419 Chung Shan Rd, Section 2, Chung Ho, Taipei County, 235 Taiwan, R.O.C. Tel. (+886-2) 3234-6188 ext. 1053

**HESS EDUCATIONAL ORGANIZATION**, Taiwan's largest and most progressive private English language school is currently recruiting enthusiastic individuals who are interested in teaching English to children for the Dec. 2004 and March 2005 seasons. This is a great opportunity for university graduates to live and work abroad and experience Taiwan's fascinating culture.





### HESS will provide you with:

- Full training with TEFL certification
- All teaching materials
- Work Permit, Resident Visa and Health Insurance
- Airport pick up and hotel accommodation during training
- Assistance locating housing close to your school

### Requirements

- Bachelor's degree (any discipline, min. req.)
- Clear and fluent English ability
- 12 month commitment
- Must be enthusiastic, patient and responsible

**To Apply:** Visit the HESS Website and submit the online application form

**www.hess-teachers.com / hess.southafrica@hess.com.tw**



# Elsabi floreer onder druk



*Me. Elsabi Bezuidenhout.*

Vergaderings is haar kos, sê Elsabi Bezuidenhout (29) wat verlede jaar so stilweg die eerste vrou geword het om die leisels by Vergaderingadministrasie oor te neem. Sy het ’n tyd lank in Ruben Gouws se spore geloop om presies die hoe, wat en waar van die pos te leer, maar van hierdie jaar af vlieg sy solo.

Elsabi (ja haar naam is reg gespel!) sorg vir die agendas en notules van die Uitvoerende Bestuur (UB), die UV-Raad, die Uitvoerende Komitee van die Raad (UKR), Institusionele Forum en die Senaat. En in hierdie pos kan niks verkeerd loop nie, maar dit is juis hierdie druk waarop sy floreer. Sake dien by verskillende rade en sy moet kan kophou wanneer wat by watter raad moet dien. Sommige van die agenda-stukke kan tot amper 400 bladsye dik wees.

"Ek hou van administrasie en geniet die druk. Toe mnr. Gouws se pos geadverteer is, was daar geen twyfel by my dat ek daarvoor moes aansoek doen nie," sê hierdie vrou met B.Soc.Sc agter haar naam wat in haar loopbaan by alles behalwe haar studierigting uitgekom het. Sy het begin as tikster/ klerk by die destydse Studentevoorligting (nou Kovsievoorligting en -ontwikkeling), van daar na die BAO (tans SHOSO) en was van 2001 tot begin 2003 die sekretaresse van die Hoof: Kantoor van die Rektor én van die Direkteur: Akademiese beplanning en -ontwikkeling.

’n Mens sien haar in vergaderings so stilweg die notules op haar skootrekenaar insleutel. Die dae toe notules met die hand afgeneem is, is lankal verby. Elsabi sê die uitdaging is om tegnologie nog meer by vergaderingadministrasie in te span. Die elektroniese versending van die vergaderingdokumente kan in die toekoms ’n moontlikheid word en hulle kyk na ’n elektroniese stelsel (Parnassus) vir die bestuur van vergaderings wat in België gebruik word en wat reeds deur die UBD in gebruik geneem is. Daar wag egter nog ’n opvoedingstaak. Baie mense is nog skrikkerig vir tegnologie en wil eerder ’n gedrukte dokument ontvang, sê sy.

Elsabi pendel elke dag tussen Brandfort en die UV. Haar saamrygeleentheid laai haar al 06:00 op en dit is waarom mense haar 07:00 al op kantoor kry. Daardie rytyd is haar dinktyd wanneer sy haar beplanning vir die dag regkry, sê sy.

# Prof. Magda Fourie Oxford Genootskap toegeken

Prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning van die Universiteit van die Vrystaat, het die Oxford Universiteit in die Verenigde Koninkryk besoek, waar sy navorsing by die Instituut vir die Bevordering van Universiteitsleer gedoen het.

Die Instituut se primêre rol is om uitvoering te gee aan die onderrig- en leerstrategie van Oxford Universiteit deur uitnemendheid in leer, onderrig en navorsing aan die universiteit te bevorder. Prof. Fourie het veral aandag gegee aan navorsing wat die instituut gedoen het oor die skep van ’n optimale leeromgewing vir studente met die oog daarop om die leeromgewing vir studente aan die UV te verbeter.

Prof. Fourie het ’n Universiteit van Oxford Genootskap van die Vereniging van Statebondsuniversiteite ontvang om vir professionele ontwikkelingsdoeleindes twee maande by Oxford Universiteit deur te bring. Sy het ook die Oxford Universiteit se Departement vir Voortgesette Onderwys, die Kantoor vir Afstands- en Aanlynonderrig en die Afdeling vir Beplanning en Hulpbronne besoek.

Prof. Fourie het haar buitelandse besoek afgesluit met ’n besoek aan Dundee, Skotland waar sy ’n konferensie vir rektore en viserektore oor die bestuur van verandering in hoër onderwys bygewoon het.

## Dates to diarise

*100 + Music Festival, presented by the UFS Department of Music*
1-5 September 2004

*Kovsie Extravaganza*
21 September 2004, Sand du Plessis-teater

*Graduation Ceremony*
22 September 2004
14 October 2004

*Centenary conference - UFS*
12-14 October 2004

*Centenary Reunions*
15-17 October 2004


# Slaan 'n slag – met 'n goue *huislening*-geleentheid ...

Nou is jou kans om 'n nuwe huislening uit te neem – of jou bestaande een na SHL om te skakel. Daar is talle voordele, wat die volgende insluit:

- Ons bied lae rentekoerse – jy kan tot 2% spaar op jou huislening-rentekoers.
- Jy sal voordeel trek uit 'n kostevrye lening indien jou huislening minder as R500 000 is. Daar is geen administrasie- of waardasiekoste nie en jy betaal net rente en kapitaal. Wat jy sien, is wat jy betaal.
- Jy kan deur middel van 'n Sanlam Huislening die ekwiteit in jou bestaande huis benut om kontant te verkry vir verbeterings of enige ander doel.
- 'n Gekwalifiseerde Sanlam finansiële adviseur kan jou advies gee oor hoe jou huislening jou finansiële beplanning kan aanvul.

**Ben Opperman** het jare ervaring in die finansiëledienstebedryf en sal graag sy kennis tot jou voordeel wil inspan – en jou bystaan met dié wonderlike geleentheid.

**Die Suid-Afrikaanse huisleningsmark sal nooit weer dieselfde wees nie. Hoekom nie deel wees van dié groot verandering nie? Skakel hom vandag nog!**



**Ben Opperman**
**Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur**
**051 407 8156**
**082 457 2240**
**benoprmn@intekom.co.za**

Sanlam C0112MS0033BPA

*Ons dink vooruit* Sanlam

# 5 Minute

# Doeners-van-Dinge en Plonke!

Die fees was befees! Dankie Oumagroot vir die glipsie met Siener van Rensburg in die Boere-oorlog! Maar dalk moet ek my van die heilige Afrikaner-ikone afhou. Ek sien reeds sekere ouens het beplan om vir Caspertjie Raspertjie op te blaas omdat hy nie op "die regte pad is nie".

Daarom spog Bultjie vandag met Kovsie Doeners-van-Dinge wat "op die regte pad is". Eerstens 'n ruiker van die jaar aan prof. Letticia Moja, Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, wat toe sowaar die 2004 Shoprite/Checkers Vrou-van-die-jaar-kompetisie loshande wen! *A role-model and inspiration for all colleagues and young students. Congratulations as well to Prof. Hennie Oosthuizen from the Department of Criminal and Medical Law at the Faculty of Law with his excellent inaugural lecture on the legal implications of cloning and the impact it might have on research.*

Ons moet tog waak teen intellektuele kloonskepping! Ek weet van 'n destydse professor, wat as sy mening oor 'n netelige saak gevra word, klokslag geantwoord het: "Nee, ek sê maar net soos die professor sê!" Maar agteraf spat die skinderspoeg! Ai tog! My volk is nie reg nie! So met die Griekse Koors in die omtrek – ek praat nou nie van professioneel vry nie, maar van die Olimpiese Spele, is uitskieters soos Chris Dednam in pluimbal en Johan Cronjé, die 1500m-atleet, ook mense om op trots te wees! Doeners-van-Dinge! If you're good – you're good! "And if your bad you're $#@&^% bad", sê Mammie altyd. Omdat ons in 'n gebalanseerde wêreld leef, is daar ook Moaners-van-Formaat met ons. Ongelukkig. Bultjie noem hulle Plonke, met apologie aan Brink se Boenk.

'n Plonk is soos sy/haar/dit se naam sê. "Plonk!" SitNet. LêNet. SkinderNet, HarekloofNet, VerdagmaakNet. Kom ons gender die Plonk in DIT. Want Ditte is grys soos spoke se asems. Uiterlike kenmerke is lang, dun loopneuse soos die snoetjies van olifantmuisies, bleek, wriemelende vingertjies, pienkerige tuitagtige, wintersore en lang, knobbelrige tone met blou naels. 'n Plonk het ook een gelerige oog wat agter sy kop geluidloos uitloer tussen skifferige hare onder 'n bruinerige moesie wat dien as kamoeflering en ooglid. Die neuse is aangepas om orals in snuffel na 'n stukkie skindernuus of skande. Bleek vingertjies krap in gaatjies en wriemel in ander se sake en papiertjies om bewystukkies van vermoede sondes te probeer versamel.

Dit is harde werk. Dieselfde vingertjies tik geluidloos vonkposbriefies in die nag na Medeplonke. Hulle ontmoet mekaar min, want Plonke vertrou nie eers hul Medeplonke nie. Hul ore is besonder sensitief en zoom soos die Boydensterrewag se teleskoop oor teekamergesprekke na enigeen wat ietsie sê... wat opspraak kan verwek... wat kwaad kan steek... Hul stapelvoedsel is dan ook die "ietsies" wat gulsig verteer en tot vreemde nuwe "feitedingetjies" in die skilpadkopgrootte brein vermeng kan word. Dan wriemel die Plonk se binneste met uiterste genoegdoening en plesier. Die gevoel hou ongelukkig nie lank aan nie. As die Plonk vermoed dat Doeners-van-Dinge van sy streke weet, trek die Plonk se tone spontaan, versigtig terug uit vrees dat iemand op dit se tone sal trap. Die blou tone bevestig egter dat die Plonk nie altyd vinnig genoeg kan terugkrabbel nie.

Omdat die Plonk sy eie sondige natuur ken, loer die agterste oog partykeer skielik tussen die hare en onder die moesie uit. Die aksie veroorsaak egter 'n ongemaklike hartklopversnelling uit vrees dat DIE Waarheid hom sal agterhaal. Maar die Plonk se vrees is verniet. Daar is gewoonlik niks! Wat niemand volg 'n Plonk se doen en late nie! Hulle is altyd voor die Plonk. Daarom moet die Plonk altyd vinniger probeer agtervolg om by te bly. Die jaagtog is so uitputtend dat die Plonk gedaan raak, snags nagmerries kry, aggressief begin skreeu en klaagliedere uitbrul!

Die Plonk is 'n Moaner-van-Formaat! Eendag, onverwags is die Plonk se tyd verby. Hul word uit die sisteem gewerp. Soms deur tyd, soms sterf hul 'n hongerdood deur nie genoegsaame "ietsietjies" te kan versamel nie. Plonke word geel en "moan" verskriklik in hul laaste stuiptrekkings. Dit is 'n tragedie. Maar niemand kom kyk daarna nie. Die Plonk voel nou verward. "*Wat het ek vir my medemens beteken? Wat tasbaar het ek nagelaat in die vakgebied waarin ek gewerk het? Wat het ek gedoen vir die Wetenskap? Wat was dit werd vir die Gemeenskap?"* Die Plonk maak driftig somme en vind 'n nuttelose antwoord. "*Skraapsels skindernuus, verdagmakery en kwaadstookskrapnel? Het dit in elk geval werklik saakgemaak?"* Dan neem die Plonk 'n pil teen depressie, maar dit help nie. As die Plonk sy oë sluit verskyn gesigte, klanke, stemme, beelde van Doeners-van-Dinge wat dit so tot raserny dryf dat die Plonk spontaan inplof en in die nuut verdwyn. Iewers in 'n kloon-laboratorium beland 'n mikroskopiesfyn geen van die gestorwe Plonk ook in 'n proefbuis.

*Bultjie*

## Skool toe om ander te help



*Voor van links is me. Daliena Swartz, dr. Jan-Albert van den Berg, mnr. Douw Kriel en prof. Hermie van Zyl, Dekaan van die Fakulteit Teologie. Agter van links is me. Sarina van Aswegen, me. Elna Marais, mnr. Coen Smit en me. Binty Britz.*

Die UV se Fakulteit Teologie het 'n herfsskool aangebied. Met die tema *Christelike hulpverlening aan mense in nood* is gefokus op die verstaan van die mens se lewe as 'n storie. Die aanbieder, dr. Jan-Albert van den Berg, dosent in Pastorale Terapie, het kursusgangers gehelp om na skakels tussen die menslike verhaal en die Skrif se verhaal te soek.

Ongeveer 80 persone van Bloemfontein en omgewing het die herfsskool bygewoon.

# Gewoel op kampus terwyl ander rus

Al gewonder wat gebeur op die kampus vakansietye wanneer die meeste personeellede met verlof is? In die Junie-Julie-vakansie het 'n kaleidoskoop van akademici, sosioloë, fisici, praktisyns en studente van regoor die wêreld kongresse bygewoon wat onder meer deur die Departement Sosiologie, die Departement Fisika en die Skool vir Verpleegkunde gereël is.

Mnr. Zackie Achmat, vigsaktivis en voorsitter van die Treatment Action Campaign, was een van die hoofsprekers op die nasionale kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sosiologie (SASA). Dr. Blade Nzimande van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), was ook 'n spreker by die Sosiologie-kongres. Hy sê kongresse soos dié van SASA speel 'n belangrike rol. Akademici kry die geleentheid om deur navorsing oplossings vir die land se probleme te vind.

Die Departement Fisika aan die UV het vanjaar met die 49ste kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika (SAIF) vir oud en jonk 'n geleentheid gegee om hul kundigheid te deel, nuwe navorsingsbevindinge bekend te stel en vrae te stel. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die SAIF-kongres is 'n program vir die jeug aangebied. Dr. Matie Hoffman, Senior Lektor in die Departement Fisika, het die sessie *Big Science and Little Science in South Africa* aangebied, wat deur skoliere van verskeie skole in die Vrystaat bygewoon is. Die fisika-kongres is ook deur een van die oudste fisici, prof. Frank Nobarro (90) van die Universiteit van die Witwatersrand, bygewoon .

Ook in Julie het die Skool vir Verpleegkunde aan die UV vir die tweede keer die Internasionale Verpleegkunde-kongres op kampus aangebied. Die tema vir vanjaar se kongres was *Kaleidoskoop van Versorging*. Sprekers van regoor die wêreld, insluitende Kenia, Amerika, Kameroen, Namibië, Lesotho en die Verenigde Koningkryk het bydraes by die kongres gelewer. Me. Desiré Smuts, organiseerder van die kongres, het gesê die hoofdoel was om kongresgangers iets te gee om in hul gemeenskappe terug te ploeg.

Internasionale afgevaardigdes het met lof gepraat van die sukses van die kongres. Prof. Linda Littlejohns, visepresident van 'n farmaseutiese onderneming in Amerika, het gesê dat sy nog nêrens anders in die wêreld sulke gasvryheid teëgekom het nie. Kongresgangers was ook beïndruk met die werk wat hier in hospitale gedoen word.



*Van links is mnr. Zackie Achmat, prof. Robert Shell van die Universiteit van Wes-Kaapland, prof. Engela Pretorius, Waarnemende Visedekaan: Geesteswetenskappe en prof. Jimi Adésiná, Rhodes-universiteit.*

# Department relives history

Mr John Dyer, well-known philanthropist, writer and businessman, donated a 104 year old album with collectables of the Anglo-Boer War to the University of the Free State (UFS). He inherited the album from his father, Mr Henry Dyer.

The album was compiled by British soldier Fred Halliday who fought in the Anglo-Boer War. He collected postcards, photographs, menus and drawings. Included in this collection are flowers from President Paul Kruger's garden. Most of the artefacts are originally from the Bloemfontein area.

For this reason and because of the important role that the UFS played in researching the Anglo-Boer War, John Dyer decided to give the album to the university. "This kind of artefact should not be in the hands of private collectors," he said when he handed the album and journal to Prof. Leo Barnard, Head of the Department of History at the UFS. Prof. Barnard said that this artefact is one of the most interesting donations that the university received in a long time. "With this document we shall be able to relive history. The UFS will not only draw huge benefit from the album, but it will also derive lots of pleasure from this artefact. We can now do the research that needs to be done," prof. Barnard said.



*From left are Prof. Leo Barnard, Mr John Dyer and Prof. Gerhardt de Klerk, Dean of the Faculty of Humanities.*



# Klippies in my skoen

# Verlang terug na die ou stelsel

**Ontevrede sê:**

Ek het al met baie personeel oor die kampus heen te doen gekry wat nou met die PeopleSoft-stelsel werk en het tot dusver niemand teëgekom wat tevrede met die nuwe stelsel is nie.

Van die redes hiervoor is waarskynlik die volgende:

*Die nuwe stelsel is baie omslagtig, bv. waar daar met die ou Walker-stelsel net een skerm moes oopmaak om 'n sekere taak te verrig, moet daar nou ses skerms oopgemaak word om dieselfde funksie te verrig. Baie personeel het ou rekenaars wat stadig is, met die gevolg dat werk baie vertraag word.*

*Dit het tot my ore gekom dat daar bv. by UV-Bemarking 'n addisionele program geskryf moet word, met natuurlik die gepaardgaande bykomende onkoste daaraan verbonde. Dit is aangevra aangesien PeopleSoft nie die funksie(s) wat aldaar verwag word, kan uitvoer nie.*

*Die Salarisafdeling het laat weet dat studente-assistente nie meer in die middel van die maand betaling kan ontvang nie, aangesien PeopleSoft nie al die data kan hanteer nie. Met die ou stelsel was daar nooit 'n probleem nie.*

*Die persoon wat met die bestelvorms by Bevoorrading gemoeid is, het ook oneindige probleme met die stadige stelsel en gevolglike opeenhoping van werk wat baie frustrasie veroorsaak.*

*Ek het ook met verskeie mense by Menslike Hulpbronne gepraat en hulle het ook bevestig dat die stelsel baie omslagtig is en glad nie aan verwagtinge voldoen nie. Daar is ook sprake van addisionele programme wat geskryf sal moet word.*

Daar sal tog van so 'n duur stelsel verwag word om al die universiteitsfunksies te kan hanteer, maar dit blyk werklik nie die geval te wees nie. Inteendeel, dit is my mening dat die stelsel ver te kort skiet en glad nie aan verwagtinge voldoen nie. Daar is nooit met personeel op grondvlak gekommunikeer aangaande hulle behoeftes ten opsigte van die program nie.

**Mnr. Arie van der Bijl, Direkteur: Begroting, antwoord:**

Ons ou rekenaarstelsels was, op enkele uitsonderings na, in verouderde rekenaartale geskryf, nie behoorlik gedokumenteer nie, duur om in stand te hou, het op duur IBM-hoofraamtoerusting geloop en van verouderde tegnologie gebruik gemaak. 'n Paar jaar gelede is besluit om na kleiner rekenaars wat van die Unix-bedryfstelsel gebruik maak en die Oracle-databasis oor te skakel. Dit het noodwendig veroorsaak dat die groot administratiewe stelsels, dus die menslike-hulpbronnestelsel, die studentestelsel en die finansiële stelsel vervang moes word met 'n stelsel of stelsels wat die Oracle-databasis gebruik.

Studente is die universiteit se "besigheid". Ons soektog na nuwe stelsels het daarom eerstens ten doel gehad om die beste beskikbare studentestelsel te vind en tweedens om 'n menslikehulpbronne-stelsel en 'n finansiële stelsel te bekom wat goed met die studentestelsel integreer. Ons het die moontlikheid om self nuwe stelsels te skryf nie ernstig oorweeg nie. Dit sou sommige van die redes waarom 'n verandering noodsaaklik geword het bloot voortsit en dit is boonop ontsettend duur. 'n Universiteit in Suid-Afrika het dit oorweeg om self 'n studentestelsel te skryf, maar dit laat vaar omdat die koste op R80 miljoen geraam is! 'n Suid-Afrikaanse produk is ook oorweeg maar te lig bevind. Die finale keuse moes uiteindelik tussen twee Amerikaanse stelsels gemaak word. Die PeopleSoft-stelsel was by honderde tersiêre opvoedkundige inrigtings in gebruik terwyl die konkurrent by 'n stuk of twaalf sogenaamde ontwikkelingsvennote in verskillende stadia van ontwikkeling was. Daar is geoordeel dat dit te riskant is om proefkonyn te speel en 'n stelsel te koop wat nog nêrens volledig in bedryf is nie en om hierdie, en ander redes, is op die PeopleSoft-stelsel besluit.


Die PeopleSoft-stelsel is 'n baie gesofistikeerde stelsel. Dit is egter eerstens vir die Amerikaanse mark ontwikkel en spreek die behoeftes van daardie mark aan. Die Suid-Afrikaanse belastingwetgewing, die vereistes wat die NSFAS-studieleningsfonds stel, die Hemis-verslagdoening aan die Departement van Onderwys en die voorskrifte van die wetgewing oor gelyke indiensneming is eie aan Suid-Afrika en word nie deur die PeopleSoft-stelsel ondervang nie en daar moes dus programme geskryf word om dit te hanteer. Dit is verkieslik om enkele programme te skryf eerder as om al die programme te skryf.

Op die oomblik is ons, veral wat die studentestelsel betref wat maar pas in bedryf gestel is, so 'n bietjie soos iemand wat 20 jaar met 'n motor gery het en dit nou op 'n splinter nuwe een ingeruil het. Ons moet nog gewoond raak aan die nuwe motor en sal soms met nostalgie aan die oue terugdink. Weinig mense sal egter mettertyd die nuwe vir die oue wil verruil.

Sover dit die spesifieke probleme betref, word u korrespondent aangeraai om met die hoof van die afdeling wat normaalweg die diens lewer in verbinding te tree.

Stuur asseblief enige klagtes vir publikasie in die klippies rubriek aan die redakteur by: informa.stg@mail.uovs.ac.za

# ...Bottom Line...




# Momentum Avontuur- en Ekspedisieklub kry lewe



Die Momentum-bergklimklub op kampus het na 'n stilte van vier jaar herlewe en is herstig onder die nuwe naam Momentum Avontuur- en Ekspedisieklub. Die studente het baie planne en het reeds uitstappies en staptogte begin organiseer. Die klubbestuur beplan ook om ander avontuuraktiwiteite behalwe stap en rotsklim by die program in te sluit, soos byvoorbeeld bergfietsry, perdry, kloofing, vlotvaart en vele ander. Die nuwe voorsitter is Gerrit van der Merwe, en kan gekontak word by 0724317153. Van links is mnr. Neil Fraser, skakelpersoon, me. Dalena Steyn, sekretaresse, me. Mercia Coetzee, lektor en voog van die klub, en mnr. Gerrit van der Merwe.

**ACCOMMODATION**

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for large/small groups (sports groups/academic/ holiday accommodation)**
**Five Star budget accommodation**
**Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R75 / sharing**
**(Bed & Breakfast (Continental)**
**Meals available upon request**
**Phone: (021) 447 9056**
**Fax: (021) 447 5192**
**E-mail: info@riverview.co.za**
**www.capebudgetaccommodation.co.za**
**www.riverview.co.za**
**Special group rates / Long staying guests are eligible to our discount**

## Advertensies

**Koop ou horlosies**, werkend of nie werkend, vir kontant. Vir meer inligting skakel mnr. J.C. King by 051 444 5329.

**Gastehuis op Stellenbosch:** Kleine Herberg Gastehuis. Geleë in veilige, rustige Mostertsdrift, naby Coetzenburg-sportgronde en Eersterivier. Bed en ontbyt asook selfsorg. Dubbel R180 p.p. en enkel R240 p.p. Spesiale tarief vir langtermyngaste. Skakel Carien Smith by 021 887-5558 of 082 331 8834 of stuur e-pos na kleineherberg@yahoo.com

## Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing

**Drukwerk:** Handisa Drukkers

**Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**

informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

**Adresplakker**